

## **Afrikaans: Waarheen met Die Taal?**

**Hoewel Afrikaans aan die een kant toenemend weens regeringsdruk op verskeie maniere 'geprivatiseer' word, poog meeste kultuurorganisasies juis om dit te 'nasionaliseer' deur gesprekke, navorsing en vermaak. Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) het onlangs 'n stappie verder gegaan om die taal te help internasionaliseer deur met rolspelers in die Europese Lae Lande te vergader, berig SYBRANDUS ADEMA.**

DIE realiteit is dat die lande se post-apartheid-belangstelling in Afrikaans vervaag het, maar daar is 'n positiewe gesindheid en samewerking wat ontgin kan word, reken direkteur Michael Jonas en raadsvoorsitter Jean Meiring nadat hulle idees oor onder meer dekolonialisering, stigmas, moedertale en geletterdheid uitgeruil het. Hulle het instellings soos Zuid-Afrikahuis, die Instituut voor de Nederlandse Taal en Nationaal Archief besoek waar verteenwoordigers hul liefde vir Afrikaans deel.

Maar die liefde is nie heeltemal onkrities nie; in Zuid-Afrikahuis se tydskrif vir hul 100ste jubileum in 2023 word bestuurslid George Harinck byvoorbeeld as volg aangehaal: "Tot in 'n sekere mate is die huis nou ook [die huis van Afrikaans]. Maar jy kan dit nie eksplisiet wees nie, deels weens die taalstryd [in Suid-Afrika], wat in die hande van bittereinders is. Hulle sal geen enkele kompromis sluit nie, en so loop dit dood. Daarmee wil jy nie geassosieer word nie." Rakende ooreenkomste met die Vlaamse taalstryd, sê hy: "Ook tans maak mense in Vlaandere behoorlik drukte oor die dalende teenwoordigheid van Afrikaans in die moderne Suid-Afrika."

Hierop reageer Jonas dat die hoofstroom-debatte in Afrikaans telkens gedomineer deur diegene wat die meeste hulpbronne het en die hardste skreeu. "Die narratief word telkens gemanipuleer om eng agendas te ondersteun en stemme van diegene wat nie die standaardvariëteit praat nie, doelbewus uit te sluit. Dit dra by tot die wanpersepsie dat Afrikaans aan slegs een deel van Afrikaanse taalgemeenskap behoort," sê hy. "Dis uiters betreurenswaardig aangesien waardevolle werk deur kultuurorganisasies en die ATM só ongedaan gemaak word. Die geskiedkundige gebrek aan erkenning vir streeksvariëteite is een van die oorsake wat lei tot 'n verengelsingproses onder baie gekleurde Afrikaanses; boonop is Afrikaans se hoër funksies onder regeringsbeleg."

Tog is Jonas se daaglikse ervaring op voetsoolvlak en binne die onderskeie gebruiksdomeine van die Afrikaanse wêreld dat die totaliteit van Afrikaanses besig is om die taal te eien, "tot almal en veral die taal se voordeel".

### **Kreoolse taal**

In dieselfde tydskrif beskryf die bekende Nederlandse skrywer Adriaan van Dis tereg Afrikaans as 'n kreoolse taal, ontstaan deur vermenging. "Dit word in Nederland nog té min erken," sê hy. Oor pogings van die Nederlandse Taalunie om Afrikaans in te katrol as deel van die Nederlandstalige domein het hy wel 'n waarskuwing: "Die meeste sprekers is mense van kleur. Ons moet oppas dat ons nie weer slegs na die wit wêreld kyk nie. Soos Breyten Breytenbach sê: 'Afrikaans nie net 'n Europese aftrekseltjie nie, maar 'n taal van Afrika'."

Volgens Meiring is dit vir hom koddig dat "juis hierdie taal wat deur 'n proses van kreolisering ontstaan het, aan soveel pogings onderwerp word om dit suiwer te hou. Die mengelmoes wat Afrikaans kenmerk, is sy sterkste eienskap, in watter variëteit dit ook al gegiet is," benadruk hy. "Ons moet die werklikheid in die gesig staar dat Afrikaans 'n minderheidstaal is, maar wat tog – ten spyte van die verlies aan die mag van vroeër - deur baie mense gepraat word. Verrassend sien ek op 'n Facebook-blad waarvan ek lid is, hoe baie swart Suid-Afrikaners besig is om die taal te probeer verwerp."

Wedersydse onkunde en vooroordele bestaan ook tussen Nederlands- en Afrikaanssprekendes. “Volgens my dink baie Nederlanders ook dat die meeste wit, veral Afrikaanssprekende, Suid-Afrikaners verstokte rassiste is. Dis natuurlik onwaar,” sê Annemarié van Niekerk, ’n Afrikaanse skrywer gevestig in Nederland. Wat wedersydse taalbeskouings betref, merk sy die volgende op: “Terwyl Nederlanders Afrikaans as ’n lawwe en snaakse kindertaaltjie beskou, sien Suid-Afrikaners Nederlands as outyds en skreeusnaaks.”

Na Meiring se mening is dit juis ’n rare voorreg om deur middel van die kennis van jou eie taal in ’n tydskapsule te kan klim. “Dís een manier om die Nederlandstaliges se omgaan met Afrikaans te tipeer: in die 1600’s het die twee tale se weë geskei en is Afrikaans, op die fondament van die Nederlands van toe, maar in die maalkolk van Suidelike Afrika, in ’n gans nuwe taal, met sy eie klank en toon en sfeer, omskep. Tog het daar reste van die ou Nederlands in Afrikaans agtergebly, wat enige taalgevoelige Nederlander met verwondering moet vervul.” Dieselfde geld vir Afrikaanses wat via Nederlands nie net toegang tot ’n hele ander kultuur het nie, maar boonop ’n linguistiese pad na ander tale.

### **Afrikaans minder polities gelaai**

Wat die persepsies oor Afrikaans betref, reken die oprigter van VECTIS, Joris Cornelissen, die ouer generasies in die Lae Lande het in die algemeen meer kennis van Afrikaans. “Nietemin raak die meeste Nederlandstaliges entoesiasies as hulle van Afrikaans en die verwantskap tussen die tale hoor.

“’n Deel van die jonger generasie raak bekend daarmee deur musiek wat hier ’n mate van populariteit geniet, soos Spoegwolf - die verstaanbare Afrikaanse tekste maak dit ekstra spesiaal. In die algemeen het die waardering van Afrikaans deur die jare beter geword; dis nou minder [polities] gelaai,” merk Cornelissen op.

Sy organisasie, nes die Festival voor het Afrikaans se Ingrid Glorie, kweek ’n groter liefde vir ’n allesomvattende Afrikaans onder Nederlanders deur dit via skole en kunstefeeste te bevorder.

“As organiseerder van die fees vir Afrikaans en ’n reeks boekpraatjies beweeg ek in ’n borrel waarin dit lyk asof almal mal is oor die taal,” sê Glorie. “In die 1990’s was daar wel ’n lewendige belangstelling in Afrikaanse literatuur toe Nelson Mandela president was. In dié tyd het daar ook baie vertalings van Afrikaanse boeke in Nederlands verskyn. Ongelukkig het die belangstelling verflou, ook weens meer negatiewe berigte oor Suid-Afrika. Vandag is Afrikaans vir die meeste Nederlanders maar net nog ’n taal.”

Volgens haar is daar wel ’n groot groep Suid-Afrikaners in die Lae Lande wat hul eie kanale het om hul Afrikaanse kultuur uit te leef. “En dan is daar ’n klein groep Nederlanders met ’n fassinatie vir die Afrikaanstalige kultuur. Hulle sal Afrikaanse klasse neem of aansluit by ’n leeskring vir (Suid-)Afrikaanse literatuur. En daar is mense wat gereeld in Suid-Afrika gaan vakansie hou en om dié rede simpatie met Afrikaans het.”

Haar hoop is dat die hoofstroom-media in Nederland na aanleiding van die fees - waar Afrikaans danksy musiek, teater, film, letterkunde en poësie aan ’n Europese gehoor vertoon word - aandag aan die taal (in al sy variëteite) sal gee, en dat Afrikaans in Nederland geleidelik meer bekendheid sal kry. “Belangrik is dat ons bly bou en die inisiatiewe volhou,” benadruk Glorie.

Die Belgiese Poëziecentrum se Stefaan Goossens en Dave Van Robays meen dit is moeilik om algemene uitsprake te maak, “maar kennis is redelik beperk. Baie mense is wel bewus dat daar in Suid-Afrika ’n taal gepraat word wat linguisties verwant is aan Nederlands; ’n kleiner groep ken dalk ook ’n aantal [ouer] Suid-Afrikaanse skrywers, byvoorbeeld Antjie Krog en Breyten Breytenbach.”

### **Akademiese wisselwerking**

Waar daar egter nog altyd 'n lewende wisselwerking is, is op akademiese vlak. "Afgesien van die algemene publiek, is daar 'n dieper belangstelling in die Afrika- en Suid-Afrikaanse kultuur en letterkunde in België van 'n kleiner, dikwels - maar beslis nie eksklusief nie - akademiese groep," sê hulle. "Daar is verskeie vennootskappe, soos die Gent-leerstool in Suid-Afrika, in terme van tale en letterkunde asook inisiatiewe soos Samespraak, Voertaal, die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere asook Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek wat aktief streef na wedersydse kennisoordrag." Die Poëziecentrum roem hom daarop synde dié kennis- en kundighedsentrum in Vlaandere en Nederland vir Nederlandse poësie, buitelandse poësie in Nederlandse vertaling, Nederlandse poësie vertaal in ander tale en Suid-Afrikaanse poësie.

Volgens Goossens en Van Robays weet laasgenoemde groepe belangstellendes uiteraard ook dat Afrikaans deur verskeie gemeenskappe in Suid-Afrika gepraat word, met die opkoms van Kaapse Afrikaans wat die sigbaarste is. "Dit hou verband met die – relatiewe – roem van 'n aantal jong skrywers in België en Nederland, byvoorbeeld Ronelda Kamfer wie se gedigte ook in Nederlands vertaal is."

Jacques Van Keymeulen van die Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal en Letteren in België voel die houding van Vlaminge jeens Afrikaans is positief, maar word soms deur Afrikaanses as neerbuigend beskou. "Vlaamse kinders het vroeër Afrikaanse liedjies op laerskool geleer, insluitend ek. Dit word glo nie meer gedoen nie – en dit is jammer," sê hy. "Die taal word selde met apartheid geassosieer en omtrent niemand hier beseft dat mens ook Namibië met die taal tereg kan kom nie." Die akademie moedig die studie, beoefening en bloei van die Nederlandse taal en letterkunde, in haar wydste sin moontlik, aan

Jonas bevestig dat daar wel 'n onkunde oor Afrikaans is, "maar dit kan byvoorbeeld aangespreek word deur Nederlandse vertalings van Christo van Rensburg se 'So kry ons Afrikaans' en WAM Carstens en EH Raidt se 'Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal'. Dit is belangrik dat groter blootstelling aan variëteite soos Gariepafrikaans en Kaaps-Afrikaans plaasvind, ook via inisiatiewe met byvoorbeeld die Suriname en Nederlands-Karibiese lande wat hul unieke weergawes van Nederlands het," voeg hy by.

Volgens Meiring was die mense wat hulle ontmoet het sonder uitsondering geïnteresseerd in en nuuskierig oor Afrikaans. "Maar die verbintenis is geleë buite die ou konsepsies van ras en kleur. Trouens, een van die taalakkers wat die ATM-raad onlangs gevra het verder ondersoek moet word is die verbande wat daar is tussen Afrikaans en die vorme van Nederlands wat in die Karibiese See ontstaan het, in onder meer Suriname."

### **Toekomstige samewerking?**

"Op die universitêre en literêre vlakke het dit in belangrike mate gegroei, ook buite die Lae Lande, veral in Sentraal- en Oos-Europa," som Cornelissen die afgelope dekades se akademiese belangstelling in Afrikaans op. "Op die kulturele vlak is daar weliswaar 'n beperkte toename in die uitwisseling, maar daar is nog kanse wat ongelukkig onbenut bly.

"Enige kennis van Afrikaans en Afrikaanses moet in die toekoms 'n groter onderdeel wees van die kulturele bagasie van Nederlandstaliges wat immers naas Nederland en België ook die Suriname en Nederlands-Karibiese lande insluit," sê hy. "Die uitdaging is beter koördinasie en meer befondsing."

Goossens en Van Robays meen daar is baie geleenthede om uitgebreide samewerking en wedersydse kennisoordrag te bewerkstellig. "'n Interessante manier kan ook wees dat ons beter kennis van mekaar se gedrukte bronmateriaal opdoen waarin die Digitale Biblioteek voor Nederlandse Letterkunde-projek 'n rol kan speel. Die hoofdeel van die projek is tans voltekstoegang tot Vlaamse asook Nederlandse literêre en

taalkundige bronne, maar daar word ook meer aandag gegee aan meerstemmigheid, wat die Surinaamse taal en kultuur insluit.

“’n Soortgelyke samewerking met Suid-Afrika lyk vir ons na ’n opsie en ons Ernst van Heerden-versameling [die grootste versameling Suid-Afrikaanse poësie buite Suid-Afrika] kan ook hierin ’n rol speel. Dit sluit nie net ’n baie uitgebreide versameling 20ste eeuse Afrikaanse poësie in nie, maar onlangse 21ste eeuse poësie word ook sterk verteenwoordig,” sê hulle. “As organisasie ondersteun ons natuurlik ook literêre aktiwiteite, feeste en publikasies om verdere uitruiling tussen die lande se skrywers en digters aan te moedig.”

### **Spog met Afrikaanse kulturbates**

Glorie reken weer die Afrikaanse kunste is ’n fantastiese manier om die taal te bevorder. “Suid-Afrika beskik oor geweldig baie talent. En natuurlik is die stories wat uit Suid-Afrika kom vir ’n oorsese gehoor geweldig interessant. Dit gaan gewoonlik oor kwessies wat so veel meer aangrypend is as wat hier in Nederland aangaan,” sê sy. “Die mense hier is elke keer verras oor die wêreldklas-gehalte van Afrikaanse kunstenaars se optredes en oor hoe relevant die onderwerpe is. Ons moenie hierdie besondere bate vir die wêreld wegsteek nie.”

Van Keymeulen benadruk “die verstaanbaarheid tussen Standaardafrikaans en Standaardnederlands is baie hoog - sekerlik wat die skryftaal betref - maar dit is asimmetries: dit is makliker vir Vlaminge om Afrikaans te leer as vir Afrikaanses om Nederlands te leer. Daar is steeds ’n groot gaping in kulturele uitwisseling weens die kulturele boikot tydens apartheid, maar dié agterstand word nou ingehaal.”

Volgens Jonas het die ATM tydens die besoek die belangrikheid van taal in die oordrag van kultuur- en identiteitvorming asook idees rakende dokumentering en uitstalling van nie-stoflike erfenis breedvoerig bespreek. “’n Onderneming is gedoen dat ons personeel via toekomstige virtuele platforms met organisasies in die Lae Lande sal skakel rakende gemeenskapsbetrokkenheid en ons gedeelde erfenisse - in Afrika, Europa, Suid-Amerika en Suidoos-Asië. Digitalisering kan moontlik ’n sentrale tema wees vir ’n toekomstige simposium tussen die fokuslande,” sê hy.

Meiring meen internasionale samewerking is al hoe makliker ná die Covid-pandemie. “Die een gebied waar ons baie by ons noordelike kollegas kan leer is digitalisering, iets wat geld en kundigheid verg, en waarop hulle ons beduidend vooruit is. En al is die persoonlike kontak wat ons op ons toer opgedoen het, van onskatbare waarde, is dit nou moontlik om deur internetmatige interaksie daarop voort te bou. Daar is sekerlik baie opwindende projekte wat wag om ontwikkel te word.”

### **Aanvullende inligting**

[zuidafrikahuis.nl](http://zuidafrikahuis.nl), [immaterieelerfgoed.nl](http://immaterieelerfgoed.nl), [vectislingua.org](http://vectislingua.org), [ivdnt.org](http://ivdnt.org), [muiderslot.nl](http://muiderslot.nl), [lezen.nl](http://lezen.nl), [dutchculture.nl/en/country/ZA](http://dutchculture.nl/en/country/ZA), [literatuurmuseum.nl](http://literatuurmuseum.nl), [nationalearchief.nl](http://nationalearchief.nl), [kantl.be](http://kantl.be), [poeziecentrum.be](http://poeziecentrum.be), [festivalvoorhetafrikaans.nl](http://festivalvoorhetafrikaans.nl), [ingridglorie.nl](http://ingridglorie.nl), [savn.org.za](http://savn.org.za), [sasnev.co.za](http://sasnev.co.za), [samespraak.com](http://samespraak.com), [voertaal.nu](http://voertaal.nu), [storievanafrikaans.co.za](http://storievanafrikaans.co.za), [nl.wikipedia.org/wiki/Nederlandse\\_creoolse\\_talen](http://nl.wikipedia.org/wiki/Nederlandse_creoolse_talen), [taalmuseum.co.za](http://taalmuseum.co.za)